Hoërskool Pretoria-Noord

Afrikaans Huistaal: Graad 9

Taak 9 : Toets 2

Donderdag, 25 Augustus 2016

Totaal : 40

Tyd: 45 min

Eksaminatrises: Mee. H. Roux en M. Basson

Moderator: Me. C du Toit

40

---

**BARRET:**

1. Toon begrip van die teks
2. Demonstreer
3. Figuurlike gebruik van interpreteer
4. Beoordeel inhoud
5. Waardering



***Let wel:***

- *Jy beantwoord die vrae op die aparte antwoordblad.*
- *Skryf leesbaar en met 'n blou pen.*
- *Moenie prentjies op jou antwoordblad teken nie.*
- *Sterkte!*

---

**Afdeling A:**

**Leesbegrip:**

Lees die onderstaande stuk en beantwoord daarna die vrae op jou antwoordblad.

## Beuselagtighede

1 Eendag was daar 'n ou monnik wat 'n jong monnik moes leer wat belangrik is. Hulle het gaan stap en toe kom hulle by 'n rivier. Net toe hulle wou deurstap, sien hulle 'n asemrowende jong vrou wat na hulle toe kom. Sy was pragtig aangetrek. Toe sy by hulle kom, het sy haar waaiertjie gewapper en haar lang wimpers liefies gefladder. Met groot oë kyk sy na die twee mans.

2 Terwyl sy sonder om te huiwer nader aan die jong monnik skuifel, sê sy: "Ai, die stroom is so sterk, die water is so koud, en as my kimono nat word, sal die sy bederf. Hoe gaan ek tog oor hierdie rivier kom?"

3 Die jong monnik het gedink die vrou se gedrag was skokkend. Sy behoort te weet monnike mag niks met vroue te doen hê nie. Sulke skaamtelose flikflooiery! Die rivier was nie eens besonder wyd of diep nie. Wat 'n bedorwe brokkie! het hy gedink.

4 Hy het die rivier begin oorsteek en haar geïgnoreer.

5 Maar die ou monnik het bloot sy skouers opgetrek en die jong vrou oor die water gedra. Toe hy haar aan die ander kant neersit, het hy en die jong monnik verder gestap.

6 Hulle het nie gesels nie. Die jong monnik was woedend. Volgens hom het sy leermeester 'n onvergeeflike ding gedoen deur aan die jong vrou haar sin te gee. Om nie te praat van die ondenkbare oortreding nie: 'n monnik raak eenvoudig nie aan 'n vrou nie, het hy in sy kop geloop en skel.

7 Hy het die saak oordink en al kwater geword terwyl hulle roete oor lieflike berge en velde gekronkel het.

8 Toe hy dit nie meer kon hou nie, het hy sy leermeester van 'n kant af ingevlieg en begin slegsê oor wat die ou monnik gedoen het. Sy gesig was bloedrooi van die geskree en hy het behoorlik gebewe van woede en verontwaardiging.

9 "My liewe mens," het die ou monnik geantwoord, "is dit die jong vrou wat jou steeds so pla? Ek het haar 'n hele paar uur gelede al agtergelaat." Die leermeester het sy skouers opgetrek en vreedsaam aangestap.



Hoërskool Pretoria-Noord

Afrikaans Huistaal: Graad 9

Taak 9 : Toets 2

Donderdag, 25 Augustus 2016

Totaal : 40

Tyd: 45 min

Eksaminatrises: Mee. H. Roux en M. Basson

/ 40

---

**Naam en van:** ______________________________ **Gr.9:** __________

**Afdeling A: Begripstoets**

1. Hoekom het die ou monnik en jong monnik gaan stap?

   ______________________________ (1)

2. Noem die uiterlike kenmerke (2 kenmerke) van die vrou wat hulle dadelik opgeval het.

   * ______________________________
   * ______________________________ (2)

3. Noem twee dinge hoe sy haar vroulike lis ingespan het om die mans se aandag op haar te vestig.

   * ______________________________
   * ______________________________ (2)

4. Wat was die twee mans se verskillende reaksie op die vrou se optrede gewees?

   Jong man: ______________________________

   ______________________________

   Ouer man: ______________________________

   ______________________________ (4)

5. Kies die korrekte letter uit die korrekte antwoord:

   Let wel: Skryf telkens net die korrekte letter neer:

   5.1. Flikflooiery is: a) vleiery / b)verdagmakery: __________ (1)

   5.2. Leermeester is 'n: a) bevelvoerder / b) mentor __________ (1)

   5.3. Verontwaardig: a) bedrieg / b) teleurstelling: __________ (1)

6. Wat was die grootste sonde wat die ou monnik volgens die jong monnik gedoen het?

   ______________________________ (1)

7. Haal 'n sin aan wat daarop dui dat sy juis wou hê die jong man moes haar oor die rivier dra.

   ______________________________

   ______________________________ (1)

8. Haal die byvoeglike naamwoorde aan wat wys dat die jong monnik die vrou se gedrag afkeur.

   (Drie woorde)

   * __________ * __________ * __________ (3)

9. Haal die sin aan wat daarop dui dat die monnik veronderstel is om selibaat te wees.

________________________________________

________________________________________(1)

10. As jy na paragraaf 4 en die einde van die verhaal kyk, wat is ironies omtrent die jong monnik se gedrag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________(3)

11. Hoe gebruik die verteller kontrastering in paragraaf 7? Hoekom gebruik hy dit?

________________________________________

________________________________________

________________________________________(3)

12. Watter enkele woord in die teks som die ou monnik se gemoedstoestand op?

________________________________________(1)

**Totaal 25**

**<u>Afdeling B: Taalleer</u>**

1. Gee die meervoudsvorm van die volgende:

a) monnik:__________________ b) kimono:__________________ (2)

2. Benoem die onderstreepte woordsoorte **<u>volledig</u>**:

2.1. <u>Asemrowende</u> vrou: ______________________________(1)

2.2. <u>Liefies</u> fladder: ______________________________(1)

2.3. Kyk <u>na</u> die mans: ______________________________(1)

2.4. <u>Haar</u> geïgnoreer: ______________________________(1)

2.5. Die <u>geskree</u>: ______________________________(1)

3. "Sy gesig was bloedrooi." Gee die intensiewe vorm van die volgende:

3.1. Koud: ______________________________(1)

3.2. Eenvoudig: ______________________________(1)

3.3. Jonk: ______________________________(1)

4. Wat is die basis van "<u>bedorwe</u> brokkie"?

________________________________________(1)

5. Verklaar die gebruik van die onderstreepte leestekens in die volgende sinne:

5.1. "... wou deurstap<u>,</u> sien hulle..." (par.1)

________________________________________(1)

5.2. "Ai<u>,</u> die stroom..."(par.2)

________________________________________(1)

6. Gee die verkleinwoord van:

6.1. Beuselagtigheid: ______________________________(1)

6.2. Skouers: ______________________________(1)

**TOTAAL: 15**

**GROOTTOTAAL : 40**